DF Fokus 1/2010

HOëRSKOOL D.F. MALHERBE

Tel.: 041-5813145 **E-pos**: dfm@telkomsa.net
Faks: 041-5813118 **Datum:** 3 Februarie 2010

VERWELKOMING

Dis andermaal 'n voorreg om hierdie brief, 2010 se eerste, aan u te rig. Welkom aan almal wat nuut by ons aangesluit het. Ons hoop regtig dat u verbintenis met DF 'n baie mooi en verrykende een sal wees. Ons herinner u almal daaraan dat dit ons gebruik is om die eerste Woensdag van elke maand wat binne die skoolkwartale val 'n maandbrief aan u te stuur. Vra tog maar u kinders daarvoor! So probeer ons u op hoogte hou van wat by die skool gebeur.

Ons verwelkom die volgende onderwysers by ons: mnr Danie Fouché (Afrikaans), mev Lindie Stander (JOT/ Lewensoriëntering) en mev Joan Raubenheimer (Lees-spesialis). Ons vertrou dat hulle baie gelukkig hier sal wees.

U HET REG GELEES !!

Ons is die eerste skool in Port Elizabeth wat 'n lees-spesialis aangestel het om ons leerders te help in die ontwikkeling van lees- en leervaardighede.

GELUKWENSINGE

Verlede jaar se Graad 12's het die hele DF gemeenskap rede gegee om uiters trots te wees: Die top 11 kandidate is: Marné Nel (622 punte), Genevéve Deyzel (611), Willem Naudé (602) Marcelle Hattingh (600), Jeannè Scholtz (590), Nicola Alberts (574), Jason Miskin (574), Emma Kotze (573), Leoni Davis (564), Jacomien Hauman (563) en Ruben van Staden (560). 66% Leerders het toelating vir Baccalareus Graad-, diploma– of Hoër Sertifikaatstudie, 32% het toelating vir Diploma– of Hoër Sertifikaatstudie en 0,9% Hoërsertifikaat. 114 Kandidate uit 115 het geslaag. Hier volg die opsomming van die ander grade se uitslae:

	GRAAD 11	**GRAAD 10**	**GRAAD 9**	**GRAAD 8**
Leerders	*94*	*118*	*100*	*107*
% slaag	*97,87%*	*95,76%*	*94%*	*88,79%*
A-totale	*8*	*5*	*0*	*0*

	GRAAD 11	**GRAAD 10**	**GRAAD 9**	**GRAAD 8**
1	Annika Theron	Nikki de Ridder	Toshka Barnardo	Danica Loock
2	Gerhardus Röth	Talana Matthee	Christene du Toit	Mercy Kannemeyer
3	Karien Knoetze	Lisé Crouse	Kyla Potgieter	Zuandré Willemse
4	Ruan Koen Joné Smith	Janien Raubenheimer	Jade-Chloé van Deventer	Simoné Ferreira
5		Jeanroux Horn	Bianca Liebenberg	Talné Steyn Alichia Kapp
6	Elizabeth du Toit	Pierre Hulsman	Lizé de Jager	
7	Annette Greyling	Marinus Prinsloo	Kim Harris	Roelien Redelinghuys
8	Amari Annandale	Marlise Keller	Trudie Fox	Henri D'Assonville
9	Karlien Nell	Tiani Wilken	Mieke Alberts	Amoré Jordaan Johannes Senekal
10	Vinette van der Merwe	Aleesha Gerber	Marizanne Pienaar	

Dankie

Ons wil graag hiermee dankie sê aan almal wat donasies van skoolklere gestuur het. Ons kan dit baie nuttig aanwend. Enige ongebruikte skool items is welkom en kan by die kantoor ingelewer word.

BALDANS

Baldansklasse het op Dinsdag 26 Januarie 2010 begin. Dit is elke Dinsdagaand om 19:00-20:00. Die koste beloop R380 per leerder vir die jaar. Vir verdere inligting kan u Mev Scholtz skakel by 0828572850.

DF ATLETIEK INTERSKOLE VS NICO MALAN

Ons jaarlikse Atletiek Interskole teen Nico Malan geskied op Vrydag 5 Februarie 2010. Dit is verpligtend vir alle leerders, deelnemers en nie-deelnemers. Ons versoek die ouers om asb. die leerders self by NMMU se atletiekbaan af te laai en weer te kom haal. Dag 6 se eerste 2 periodes sal gevolg word, waarna hulle kan vertrek. Waar daar vervoer-probleme is skakel asb. die kantoor nie later as Donderdag om reëlings te kan tref. Nie-deelnemers sal die skool verteenwoordig in skooldrag en deelnemers in DF sportdrag. Ons wil die leerders aanmoedig om hulle beste te lewer op die

SKOOLGELD

Skoolgeld vir die jaar beloop R8 250 per kind. Dit is betaalbaar oor 10 maande (1 Februarie tot 1 November). Betaling geskied òf per debietorderstelsel oor 10 maande òf 'n eenmalige kontant inbetaling voor die einde van Januarie. Indien u die volle bedrag vóór 31 Januarie 2010 vereffen, kry u 10% afslag. Die sluitingsdatum vir aansoeke om verligting van onderriggeld volgens die glyskaal is 26 Februarie. Skakel mev. Slabbert indien u meer inligting hieromtrent benodig. Indien u enige verskuldigde geld aan die skool direk in ons rekening deponeer, moet u asseblief die deposito-strokie aan ons faks ons kan sien watter rekening gekrediteer moet word en waarvoor die geld is. Ons bankbesonderhede is: ABSA, tjekrekeningnommer 1640153608, bankkode 630117. Agterstallige rekeninge word ná 90 dae aan die skuldinvorderaars oorhandig.

MA'S WAT OMGEE

Hierdie groepie kom voorlopig op 'n Donderdag-oggend om 07:45 in die siekekamer bymekaar. Iemand wat wil aansluit om saam in die gebed vir ons skool in te tree kan die kantoor skakel.

ID DOKUMENTE

Die Departement van Binnelandse Sake gaan op 5 Februarie die skool deur die loop van die dag besoek. Leerders wat 15 jaar of ouer is, en wat nog nie aansoek gedoen het vir hulle ID-dokumente nie, kan dit dan doen. So 'n leerder het 'n gesertifiseerde afskrif van haar/sy geboortesertifikaat en twee klein ID foto's (of R20 waar die foto's dan by die skool geneem sal word) nodig.

Leerders wat alreeds aansoek gedoen het, maar nog nie hulle ID-dokumente ontvang het nie, moet asseblief nulle name voor 5 Februarie vir mej. Jonker gee (meld asseblief jou volle naam, van, datum van aansoek en tydelike identiteitsnommer), sodat die lede van die Departement van Binnelandse Sake dit kan skool toe bring . ***N.B.: DIE LEERDER BENODIG 'N ID-DOKUMENT OM IN TE SKRYF VIR DIE GRAAD 11 EN 12 EKSAMEN.***

"MY SCHOOL" PROJEK

Ons wil graag aan die ouers wat ons skool in die projek ondersteun, baie dankie sê. Deur net die "My School"-kaart by sekere handelaars te gebruik het die skool verlede jaar 'n bedrag van **R1 367, 39** geïn. Ons wil graag ook die res van ons ouers vra om hierdie projek te ondersteun. Dit is baie minder as die vorige jaar en dit is regtig 'n moeitelose projek. Sou u nie in besit wees van 'n "My School"-kaart nie, is u welkom om aansoekvorms by die kantoor af te haal. Sou u in besit wees van 'n My School-kaart, maar dit is gekoppel aan 'n laerskool waarby u kinders nie meer belang het nie kan u ook die kantoor skakel en die nodige reëlings sal gedoen word dat die kaart oorgedra word op Hoërskool DF Malherbe se rekening. Bygaande is ook vir u gerief 'n lys van handelaars waar die kaart gebruik kan word.

Bargain Books - Moffet on Main, Summerstrand en Walker Rylaan
Brian Bands Sports Newton Park
Crafty Arts - Walmer Park
Duraline - Humansdorp
Engen - Aerofill, Beachway Service Station, Bluewater Bay Centre, Cape Road Convenience Centre, Greenacres Auto Centre, Kwa Magxaki Retail Centre, Linton Grange Service Station, Millenium Convenience Centre, Mount Pleasant Motors, North End Service Station, Rink Auto Centre, Tyre & Tube Service Station, Wavecrest Convenience Centre, William Moffett Petro Park, New Brighton Service Station
Fascination Books - Greenacres
Grant Carelse Optometrists - Humansdorp
Inky Shop - Walmerpark
Intel Solutions
Lanko Travel
Ola Milky Lane (Bridge)
Reggie's - The Bridge & Walmerpark
RET Butler's Pharmacy
Ribbon and Ink Supplies
Supa Quick - Sherwoods - Barry's Corner, Graaff Reinet, Greenacres, Humansdorp, Linton Grange, Newtonpark, Oliver Cradock, S & S Uitenhage, Sharwoods-Noordeinde.
Tiger Wheel & Tyre.
Tile Africa
Toys 'R' Us
Ultimate Stylists
Value Furnishers
Waltons - Fig Tree Park, Graaff-Reinet, Noordeinde, Uitenhage, Harrowerstraat.
Wimpy - Boardwalk, Brookes Pavilion, Greenacres, Metlife Plaza, Moffett Retail Park, Port Alfred, Summerstrand, Sunridge, The Bridge, Time Square, Walmer.
Woolworths - Accesspark, Clearypark, Greenacres, PE Gardens, Walmerpark, Sunridgepark, Uitenhage.

MAKRO-KAART

Ons wil ook die ouers vra om ons te ondersteun in die Makro-kaart projek. Geen vorms word in die proses voltooi nie. U moet net u bestaande Makro-kaart by die Makro kliënte diens koppel aan die skool wat u wil begunstig- 'n proses wat net etlike minute neem. 'n Persentasie van die laaste drie maande se transaksies wat aangegaan is sal dan ten gunste van die skool tel.

Ons vertrou op u goedgunstige samewerking in bogenoemde projekte!

UITSLAE

FIETSRY: Interprovinsiale Baanbyeenkoms te Westbourne Oval: Beide OP-span verteenwoordigers:
Karel Prinsloo - So/14 1ste plek (goue medalje) 500m tydtoets, 3de plek (brons medalje) 1 500m wedren, 4de plek 3km wedren en 4de plek 3km punte wedren.
Monique Gerber - Do/16 1ste plekke (goue medaljes) 1 500m wedren, 3km wedren en 3km punte wedren. Monique het ook aan die Nashua beroepspan op Somerset Oos deelgeneem en het die O/16 afdeling gewen asook het sy 4de gekom in die o/16 seuns wedren.

Master & Ladies - "Steak Race": Marinus Prinsloo behaal 'n 5de plek in die o/30 afdeling van die "Steak Race". Hy voltooi die 90km wedren in 2:53.

Wayne Pheiffer Kriterium reeks: Marinus Prinsloo behaal 'n 2de plek in die Junior afdeling en Monique Gerber behaal 'n 1ste plek in die Do/16 afdeling.

KARATE: Danica Loock is onlangs aangewys as Algoa Bay Karate Academy se beste dame kumite vir 2009.

O/14 KRIEKET: DF 2de span verloor met 4 lopies teen Linkside. DF o/14 vs Grey verloor met 7 paaltjies en die 1ste span vs Grey verloor met 9 paaltjies. o/14 vs Humansdorp Sekondêr: wen met 59 lopies. Nicci Visagie het die meeste lopies aangeteken. Willem Nortjé was die beste bouler met 3 paaltjies. DF 1ste span Pro 20 vs Linkside: wen met 5 paaltjies. DF vs Victoria Park: verloor met 197 lopies.

MODELWERK: Tydens die Nasionale Modelbyeenkoms te Gauteng het Chanté Bellingan onder die Top 20 in 6 afdelings gekwalifiseer en Suné Serfontein onder die Top 10 in 5 afdelings.

GHOLF: Mieke de Ridder het aan die SA Junior Gholfkampioenskappe Do/14 deelgeneem en die 2de plek behaal. DF vs Westering. 1A en 1B verloor met Mieke de Ridder as die beste speler vir die 1A en Cornelius Greyling beste speler vir die 1B. 2B wen teen Westering en Raynard van Gend en Jeandré Bronkhorst is as die beste spelers aangewys.

'N GOUE GEDAGTE

'n Lig in die donker - Probeer om mense met hoop en lig aan te raak. Leer om in verwondering en dankbaarheid

TEN SLOTTE

Dankie vir elkeen van u se bydrae, ondersteuning en vriendelikheid sover vanjaar, bv. by die kleure-atletiek en die VCSV kamp.

Dankie vir u aandag!

Vriendelike groete

P. HAUMAN
SKOOLHOOF

SPORT EN KULTUUR PROGRAM

MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG	SATERDAG
Tennis: Oefening vir spanspelers	**Tennis:** Dogters wedstryde 14:10-18:00	**Tennis:** Oefening vir sosiale spelers 14:30-15:30	**Tennis:** Seuns-wedstryde 14:10-18:00	**VCSV Kringe:** 13:30– 14:15	**Krieket:** 1ste span wedstryd 08:00-18:00
Krieket: o/14 14:30-16:00	**Krieket:** Oefening Alle Seniors 14:30 -16:00	**Krieket:** o/14 wedstryde 14:30-18:00	**Krieket:** 1ste span oefening 14:30-16:00	**Gholf:** Oefening 14:30-18:00	
Gholf: 14:30-18:00 (wedstryde)	**Toneel:** 17:00-19:00	**Malherbietver-gadering:** 14:15-15:00	**Dogterskrieket:** Oefening 14:30		
Toneel: 17:00-20:00/21:00	**Dogterskrieket:** Wedstryde	**Toneel:** 17:00-21:00/22:00	**Muurbal:** 16:00-17:00 (luister na afkondiging oor wan-neer begin)		
Kabaret: 15:30-16:30	**IT Klub:** 14:30-15:30	**Redenaars:** Per afspraak	**Toneel:** 17:00-21:00		
Junior Rugby: 14:30-16:00 (Opsioneel)	**Senior Rugby:** 16:00-17:00		**Senior Rugby:** 16:00 -17:00 (Opsioneel)		
Redenaars: Per afspraak	**Junior Rugby:** 14:30-16:00 (Opsioneel)		**IT Klub:** 14:30-15:30		
	Redenaars: Per afspraak		**Atletiek:** 14:30-16:00		

BEVEILIGING VAN ONS LEERDERS - 2010

Ons het ‘n geruime aantal e-posse ontvang rakende die beveiliging van ons leerders. Ons wil self sterk klem daarop lê dat u sover moontlik moet poog om u leerders te beveilig. Groot of klein maak blykbaar nie ‘n verskil nie en word kinders gesteel vir die 2010 Sokker Toernooi in Port Elizabeth. Bly sover moontlik in kontak met u kinders. Die steel van kinders neem daagliks toe en wil ons graag die dringendheid van hierdie e-posse beklemtoon.

BEHEERLIGGAAM KONTAK BESONDERHEDE

Die Beheerliggaam het dit goed gevind om hul kontakbesonderhede aan ouers beskikbaar te stel.

NAAM	TELEFOON NOMMER
Adv Lilla Crouse (Regs)	082 9550794
Mnr Chris Doubell (Sport)	083 6800309
Dr Danie van Rensburg (Bemarking)	082 5681765
Mev René Scholtz (Kultuur)	083 3744310
Mnr Louw Slabbert (Finansies)	082 5663542
Mnr Stephen de Ridder (Geboue)	083 2991733
Prof. Jean Greyling (Voorsitter) (Akademie)	041 5042081

BELANGRIKE DATUMS VIR DIE EERSTE KWARTAAL

FEBRUARIE

3 2de Span Seunskrieket vs Khezi Lomso (T), o/14 Seunskrieket vs Pearson (W)
4 1ste Span Seunstennis vs Newton Tech (T), 2de Span Seunstennis vs Muir (T), 3de span Seunstennis vs Brandwag (W), 4de span Seunstennis vs Cillié (W). Toets
5 Atletiek Interskole (T)
9 1ste Span Dogterstennis vs VP (T), 2de Span Dogterstennis vs Woodridge (T), 3de span Dogterstennis vs Alex (W). Voorraadopname Dogterskrieket vs Linkside (T)
10 2de Span Seunskrieket vs Newton Tech (W), o/14 Seunskrieket vs Nico Malan (T)
11 1ste Span Seunstennis vs Theodor Herzl (W), 2de en 3de Span Seunstennis vs Pearson (W), 4de Span Seunstennis vs Gelvandale (T). Toets
12 Sivvie-dag (Malherbiet)
13 1ste Span Seunskrieket vs Loyiso (T). Valentynsbal
16 1ste en 2de Span Dogterstennis vs Collegiate (T), 3de Span Dogterstennis vs Daniël Pienaar (W), Dogterskrieket vs VP (W)
17 2de Span Seunskrieket vs Brandwag (W), o/14 Seunskrieket vs Linkside A (T). Rocking Future Rand Show. Gr 12 2009 Hereksamen begin.
18 1ste Span Seunstennis vs Grey (T), 2de Span Seunstennis vs Framesby (W), 3de span Seunstennis vs Kaap Receife (T), 4de Span Seunstennis vs Westview (W). Toets.
19 Skoolhoofdeseminaar SAOU (tot die 20ste).
20 1ste Span Seunskrieket vs Despatch (T)
23 1ste Span Dogterstennis vs Nico Malan (W), 2de Span Dogterstennis vs McLachlan (Humansdorp) (W), 3de Span Dogterstennis vs Pearson (T). Redenaarsaand. Dogterskrieket vs Westering (T)
24 2de Span Seunskrieket vs Muir (T), o/14 Seunskrieket vs Newton Tech (W)
25 1ste Span Seunstennis vs VP (W), 2de, 3de en 4de Span Seunstennis Loslooitjie. Toets.
26 VCSV - Takkamp Zuurberg (tot die 20ste). OOV Trivial Pursuit - kroeg DFMOK.
27 1ste Span Seunskrieket vs Pearson (W)

MAART

2 Redenaarsaand. Voorstelle vir Klub 55 inkry. Dogterskrieket vs St Dominics (T)
3 2de Span Seunskrieket vs Theodor Herzl (W), o/14 Seunskrieket vs Uitenhage Hoër A (T)
4 1ste Span Seunstennis Framesby (T), 2de en 3de Span Seunstennis Daniël Pienaar (W) en 4de span Seunstennis Westview (T). Toets.
5 Wêreldbiddag.
6 1ste Span Seunskrieket vs Mfueko Ngam (T). DF Gholfdag (Shark River).
10 2de Span Seunskrieket vs Nico Malan (T)
11 Toets.
12 Klub 55 - deel inligting uit.
13 Gill Sportfees 1ste Rugby/Netbal/Dogtershokkie o/14 en o/15 Rugby.
15 Klub 55 keuses word gedoen.
16 Algemene kennis toets.
18 Oudleerders jaarvergadering. Toets.
19 Despatch Sportfees (1ste Rugby/Dogtershokkie)
20 Despatch Sportfees (1ste Rugby/Dogtershokkie/o/14 & o/15 Rugby)
21 Menseregtedag
22 Publieke Vakansiedag
23 Klub 55 Keuses bekend. Vasvra (Alg. Kennis) interklas kompetisie. Koffiekroeg VCSV.
24 Matriektoer vertrek.
26 Skole Sluit. 0/15 Rugbytoer na Suid-Kaap (Kwagga Toernooi) - terug 31/03/2010

STUDIEHULPPROGRAM

Vanaf 9 Februarie sal daar studiehulpklasse onder toesig plaasvind op Dinsdae, Woensdae en Donderdae vanaf 14:30 tot 15:30. Leerders kan self aanmeld vir die studieklas. Ouers kan aanvra dat hulle kinders die studieklas bywoon. Onderwysers kan ook leerders verwys wat onder toesig sekere werk moet afhandel. Goeie kontrole sal gehou word van die bywoning van leerders en waar nodig sal ouers in kennis gestel word van nie-bywoning. Senior leerders sal vrywillig by die klasse diens doen om leerders wat met werk sukkel by te staan.